## FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSKAPPE.

# Die Middeleeuse Opvattinge oor Rente en Handel.

Dit is opmerklik hoe baie bedryfsekonomiese geskrifte sedert die 20e eeu die aandag vestig op die nuwe houding wat deur die ondernemer teenoor die verskillende elemente in sy onderneming ingeneem behoort te word, nie alleen teenoor die ekonomies-tegniese nie, maar veral ook teenoor die menslike element. Die rede hiervoor moet in die kentering wat daar in die bedryfslewe plaasgevind het, gesoek word. Dit het die noodsaaklikheid meegebring dat ook die bestuursmetodes 'n verandering moet ondergaan teneinde by die veranderde omstandighede aan te pas en die beste leiding te gee.

Veral kenmerkend is die verskynsel van massaproduksie, meganisasie en massaverkoop. Dit het noodwendig die groter mededinging tussen die bedrywe t.o.v. grondstowwe, arbeid, kapitaal en die koopkrag van die verbruiker laat ontstaan. Die ondernemer kan hierdie mededinging probeer vermy deur sy produk van ander te onderskei, met ander firmas te kombineer of een of ander ooreenkoms te sluit, of om sy bedryf se doelmatigheidspeil te verhoog. Laasgenoemde is altyd verkieslik, omdat dit tot die vermindering van verkwisting lei; kombinasies kan soms ook hierdie wenslike gevolge hê. Sedert die einde van die vorige eeu is die aandag gevestig op die groot verkwisting in die bedryfslewe en die noodsaaklikheid om die verskillende bestuursprobleme wetenskaplik te benader teneinde die doelmatigste bedryfsmetodes te vind, waardeur die totale inkomste sodanig verhoog kan word dat produsent, arbeider en verbruiker bevoordeel kan word.

Oor die algemeen word aangeneem dat die jaarlikse wins 'n maatstaf van die sukses van die onderneming is, en hoe groter hierdie wins hoe groter die dividend en gevolglik die vertroue van die publiek in die onderneming. Dit mag op sy beurt kapitaalverkryging en uitbreiding vergemaklik. Die gevaar bestaan egter dat die aandag oormatig deur die winsfaktor in beslag geneem mag word, sodanig dat die besigheidsetiek miskien verontagsaam mag word alhoewel dit nie noodwendig is nie. Afgesien daarvan dat die bepaling van die winsgrootte aansienlik van die persoonlike diskresie afhang, is dit nog geen onfeilbare maatstaf van gesonde sosiaal-ekonomiese beginsels waarvolgens die bedrywighede voortgesit word nie.

Elke ondernemer het sy sosiale verantwoordelikheid nie alleen teenoor diegene binne sy bedryf nie maar ook teenoor die algemene publiek. Die bedryf is immers 'n sosiale struktuur, nie alleen met sy interne groepsbelange nie, maar ook met sy verhouding tot die belange buite die bedryf. Die gemeenskap kan sekerlik van die ondernemer verwag om tenminste nie anti-sosiaal te handel nie. Veral word die onderwerping van die eie belang aan die sosiale welsyn, of soos dit gewoonlik gestel word, die onderwerping van die winsmotief aan die diensmotief, as ideale besigheidsbeleid beskou. Dit kan verwag word dat daar selfs by diegene wat hierdie beleid aanvaar groot verskil by die praktiese toepassing daarvan sal bestaan, veral omdat die begrip „sosiale welsyn" verskillend deur persone met verskillende lewensopvattinge geïnterpreteer kan word. Nietemin hierdie beleid verleen 'n breë perspektief van die plek van die ondernemer in die samelewing en vereis sekerlik 'n gewysigde houding teenoor sy beroep. Alhoewel die winsmotief sekondêr is, gesien in sy breë verband, moet hieruit egter nie afgelei word dat die

winsstrewe nie belangrik is nie. Die onderneming is geen liefdadigheidsvereniging nie en sonder 'n redelike wins kan dit nie voortbestaan en vooruitgaan nie; en dit moet noodwendig mettertyd sy nadelige gevolge op die samelewing hê. Ook die begrip „redelike wins" is relatief; 'n groot totale wins is nie noodwendig 'n onredelike wins, of 'n bewys dat die diensmotief uit die oog verloor is nie. Soms kan die ophoping van kapitaal in 'n onderneming deur middel van wins selfs tot groter sosiale welsyn lei as wanneer dit tussen baie individue versprei is.

Hierdie etiese vraagstuk van wat 'n geregverdigde inkomste is, is reeds baie oud en het veral belangrik geword, namate die bedryfslewe ontwikkel en ingewikkelder geword het. Uit ou geskrifte blyk dat die kapitalistiese en sosialistiese huishoudinge nie so 'n nuwe verskynsel is as wat so algemeen aangeneem word nie, want reeds eeus voor Christus vind ons 'n betreklik ontwikkelde munt- en bankwese en selfs 'n behoorlike stelsel van boekhouding. In antieke Rome en Griekeland was daar voorbeelde van gekontroleerde maksimumpryse, depresiasie van geld, hoë lewenskoste en klagtes teen die burokrasie. Dit is dan geen wonder dat die ekonomiese vraagstukke deur die eeue heen besondere aandag geniet het nie. Dit blyk ook uit die baie uitsprake oor die reëling van ons ekonomiese lewe wat ons in beide die Ou en Nuwe Testament vind.

Ons wil ons egter meer bepaal by die opvattinge van die kerkvaders in die Middeleeue oor die bestaansreg van rente in die handel (i).

Seker die vernaamste vraagstuk in die kanoniek-ekonomiese beskouinge was die rentevraagstuk, naamlik die vraag of rente op geleende geld betaal behoort te word. Die Kerk asook etlike ander skrywers soos Plato en Aristoteles, het die betaling van rente veroordeel; 'n lening moes dus renteloos wees. Die uitspraak „. . . . leen sonder om iets terug te verwag" (Lukas 6: 35) is deur die Kerk as die vernaamste beweegrede vir hierdie vandag vreemde standpunt aangevoer. Alhoewel woeker op verskillende plekke in die Bybel afgekeur word (byv. o.a. Exodus 22: 25, Levitikus 25: 35 e.v., Deuteronomium 23: 19, Psalm 15: 15, Spreuke 28: 8, Jeremia 15: 10 en Esegiël 18: 8) wil dit tog voorkom of die vernaamste beroep op Lukas 6: 35 was. Dit het hulle uitgangspunt gevorm en was vir hulle voldoende rede om die betaling van rente te verbied, hoe groot die praktiese moeilikhede ookal was.

Afgesien van Bybelse gronde was daar ook ander redes wat, soos beweer is, op gesonde verstand berus. Byvoorbeeld, rente is teen die natuur, want geld is onproduktief; uit homself kan dit nie vermeerder

(i) Heelwat gebruik is o.a. van die ekonomiese werk van P. A. Diepenhorst en R. H. Tawney gemaak.

nie. Hierdie idee van onproduktiwiteit is algemeen aangeneem en het lank bly bestaan totdat die gebruik van kapitaal in die bedryfslewe 'n onmiskenbaar belangrike plek begin inneem het.

'n Ander besondere rede volg uit die aard van die gebruik van geld. In die geval van geleende goedere waarvan die gebruik 'n langdurige proses is kan daar wel vir die gebruik betaal word, aangesien die artikel na verstryking van die leentermyn teruggegee word. Maar rentebetaling is nie geregverdig in die geval van byvoorbeeld koring wat met die eerste gebruik tot niet gaan nie, want dit sou onbillik wees om van 'n persoon te verlang om vir die koring self en ook vir die gebruik daarvan te betaal; dit sou 'n dubbele betaling wees en dus 'n uitbuiting van die geldnemer. Dieselfde is op geld van toepassing want geld as ruilmiddel word met sy eerste gebruik as 't ware verbruik.

Verder word aangevoer dat as in ag geneem word dat die geldnemer aanspreeklik vir alle skade is wat die geldskieter ly, byvoorbeeld as die geld verlore gaan, is dit teenstrydig met alle geregtigheid om nog 'n rentebetaling van die geldnemer te eis.

Ook word beweer dat rente op grond van tydsverloop nie geregverdig kon word nie want tyd is 'n gemeenskaplike goed en kan dus nie verkoop word nie.

'n Destyds belangrike rede wat aangevoer is is dat as rente toegelaat sou word dit tot baie ellende sou lei. Die geldskieter lewe sonder om te werk; hy het geen verpligting nie, maar buit die arbeid van die lener uit en verryk homself ten koste van laasgenoemde; in werklikheid beroof hy diegene wat die geld winsgewend gemaak het en aan wie die wins werklik toekom. As rentebetalings toegelaat sou word kan dit miskien daartoe lei dat persone die landbou verlaat terwille van die veragtelike geldhandel waar haat, nyd en gierigheid heers. So 'n verskuiwing sou onwenslik wees, nie alleen omdat landbou as die beste beroep geëer moet word nie maar dit kan ook hongersnood veroorsaak.

Bogenoemde redes was dan genoegsaam vir die Kerk om dit kragdadig teen die betaling van rente te laat optree. Die renteverbod is in die begin hoofsaaklik tot die geestelike leiers beperk. Indien 'n geestelike hom aan die ontvangs van rente skuldig gemaak het moes hy dadelik uit sy amp ontslaan word. Die renteverbod was wel ook van toepassing op die gewone gemeentelede maar is in die begin blykbaar nie so streng toegepas nie. In 443 n.Chr. het Pous Leo in sy uitspraak die renteverbod algemeen gemaak. Die kerkvaders en die kerkvergaderings het in skerp taal alle rente, selfs matige of vrywillig betaalde rente, veroordeel. Rente is 'n vervloekte en afskuwelike soort hebsug genoem, en renteniers is as rowers beskou wat uitgewis moes word.

Die toepassing van die renteverbod was weens die aard van die maatskaplike lewe in die eerste eeue nie so moeilik nie. Maar met die opkoms van die stede, toenemende handel en verkeer, groter gebruik van kapitaal vir ander as konsumptiewe doeleindes en die herlewing van die Romeinse Reg wat die renteverbod verontagsaam het, het die praktiese moeilikheid groter geword. Nogtans het die Kerk in sy bestryding van hierdie euwel nie verflou nie en in die 12e en 13e eeue het dit sy hoogtepunt bereik. Skuldige persone is gedreig met ekskommunikasie, sou nie 'n kerklike begrafnis ontvang nie en kon nie testamentêre skenkinge doen nie. Behalwe in die geval van groot armoede of as die hoofsom nie op die bepaalde datum terugbetaal is nie, of 'n verlies gely is, moes sulke ontvangde rente aan die lener of sy familiebetrekkinge of aan armes terugbetaal word. Enige besitting wat met die rente aangekoop is moes verkoop word. En as die uitlener miskien reeds dood was dan was sy erfgename vir die betaling aanspreeklik. Die Kerk het alles wat na rente lyk probeer verban.

In die 14e eeu is die Kerk se posisie egter baie versterk. Prominente juriste het die renteverbod begin bepleit en in 1311 het die renteverbod ook 'n wêreldlike wet geword. Rentelose lenings het daarna aksiomaties geword.

Soos verwag kan word het hierdie renteleerstelling sy invloed op die bedryfslewe gehad. Enige onderneming het vir sy ontstaan en ontwikkeling kapitaal nodig en by gebrek aan eie kapitaal moet dit geleen word. So'n renteverbod, indien konsekwent toegepas, moes noodwendig 'n ontmoedigende uitwerking op kapitaalbelegging gehad en die ontwikkeling van die bedryfslewe gestrem het, al was die kapitaalbehoeftes van individuele ondernemings destyds nie so groot nie. Volgens Tawney egter was lenings in die hoër kringe algemeen en die Kerk was meer begaan oor die lenings aan die kleiner boere en ander wat maklik uitgebuit kon word.

Die renteverbod het ook verder as die gewone leenkontrak gestrek en alle kontrakte geaffekteer waar daar enige beloning in konsiderasie vir 'n tydsverloop was. Alle gevalle waar die uitlener meer terug ontvang het as wat hy gegee het was ongeoorloof. Dit was om 't ewe of die lening en rente in die vorm van geld of goedere was. Die koopkontrak is dus direk deur hierdie verbod getref. Dit was gevolglik onwettig om 'n hoër prys vir 'n artikel of diens te vra indien die betaling eers na verloop van tyd sou geskied, m.a.w. daar kon geen vergoeding vir verkope op krediet wees nie. Die teenoorgestelde was ook onwettig, naamlik die korting op die prys indien die lewering eers later geskied. Uitsondering is egter gemaak waar die kontrakterende partye volkome in onsekerheid

omtrent die goedere se pryse verkeer het; in hierdie geval ontbreek die motief om meer te ontvang as wat gegee is. Die opvatting was dat die onmiddellike of toekomstige lewering van goedere 'n liefdesdiens was en moes geen invloed op die prys uitoefen nie. Die prys van die artikel was gevolglik onder hierdie omstandighede 'n baie belangrike element in die koopkontrak en die vasstelling daarvan kon nie aan die betrokke partye oorgelaat word nie, maar moes deur die Staat geskied—dus 'n voorbeeld van die hedendaagse vraagstuk van staatsinmenging in die ekonomiese vryheid van die individu.

Die renteleer het sy stempel onmiskenbaar nie alleen op die koopkontrak afgedruk nie, maar ook verskillende ander kontrakte moes in ooreenstemming daarmee gebring word. Namate kapitaal vermeerder en die handelsbehoeftes al groter geword het is gevolglik allerlei uitweë probeer vind om 'n produktiewe belegging van kapitaal te kry en tog nie met die renteverbod te bots nie. Ons noem net kortliks die volgende metodes wat algemeen aangewend is.

Die instelling bekend as „rentekoop" was 'n gerieflike uitweg. Hiervolgens kon die geldskieter 'n lening aan huis- of grondeienaars toestaan op voorwaarde dat hy 'n lewenslange rente in die vorm van produkte daarop ontvang. Hierdie kontrak is mettertyd deur ekonomiese omstandighede so vervorm dat dit geen verskil met die hedendaagse leenkontrak getoon het nie.

'n Ander instelling was die wissel wat 'n gerieflike middel was vir die oorsending van geld van een landstreek na die ander. Daar was geen beswaar teen die byvoeging van 'n ekstra bedrag as vergoeding vir die vervoer van geld en risiko daaraan verbonde nie. Hierdie byvoeging het mettertyd 'n bedekte betaling van rente geword as die betrokke persoon net daarin kon slaag om op een of ander wyse 'n plekverskil te bewys.

Selfs die vennootskapskontrak is soms gebruik om die renteverbod te ontduik. Veral het daar onsekerheid ontstaan in die gevalle waar een vennoot die kapitaal en die ander die arbeid verskaf. Die risikolas van elke vennoot moes dus altyd vasgestel word om te verseker dat daar geen ontduiking was nie.

Uit bogenoemde blyk dat, alhoewel die Roomse Kerk die stryd teen rente aangebind het omdat hulle oortuig was dat dit teen Gods Woord was, hulle tog in die praktyk goedkeuring verleen het aan instellinge wat die renteverbod ontduik het. Die renteverbod het dus die organisasie van die ekonomiese lewe sterk beïnvloed.

Vervolgens wil ons kortliks nagaan wat die verloop van die renteleer gedurende die Hervorming in die 16e eeu was. Alhoewel die Reformasie 'n groot invloed op die maatskaplike en dus ook op die ekono-

miese lewe uitgeoefen het, vind ons nog die vroeër skolastiese opvatting oor die renteleer. Van die kant van die Humaniste is daar min spesifiek oor die rente geskryf. Sommige skrywers beweer dat Erasmus rente goedgekeur het omdat hy hom nie definitief daarteen uitgespreek het nie. Die humanis Von Hutten het hom sterk teen rentebetaling uitgelaat en die handelaars as gevaarlike mense bestempel.

Ook die meeste Reformatore het die ou standpunt bly huldig. Luther het homself taamlik skerp teen rentebetaling uitgespreek. Hy het hom veral beroep op Lukas 6: 31: „En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen." Hy het skerp taal teen die woekeraar gebruik. Hy het hom byvoorbeeld genoem 'n moordenaar, 'n vreeslike monster, 'n wolf wat alles verwoes, 'n persoon wat soos 'n hond moes sterf; hy moes van die kansel af verdoem word en die kinders moes geleer word dat hulle die woekeraar as die ergste duiwel moes beskou. Alhoewel aangeneem kan word dat Luther hier die oog veral op diegene gehad het, wat meer as 'n normale rente neem is dit nogtans baie duidelik uit sy definisie van woeker dat hy enige rente as onchristelik beskou het. Hy het 'n uitsondering gemaak in die geval van oumense, arm weduwees, wese en ander behoeftige persone, wat hoegenaamd geen ander inkomste as die rente het nie en andersins tot die bedelstaf gebring sou word. Dit is as aalmoes beskou.

Ook Zwingli en Melanchton was in wese die kaanoniek standpunt toegedaan alhoewel hulle aanvalle miskien minder heftig as Luther s'n was.

Calvyn aan die anderkant het 'n suiwerder insig in die rentevraagstuk gehad. Hy het heeltemal weggebreek van die ou standpunt en die wettigheid van rente verdedig. Hy het hom ook op die Bybel beroep. Lukas 6: 35 het hy verklaar as slegs 'n sedelike bevel dat ons soveel moontlik, ook deur middel van rentelose lenings, die armes te hulp moet kom. Ook in die ander onderhawige Bybeltekste vind hy geen verbod op rente nie. Inteendeel krediet is 'n normale en onvermydelike verskynsel, soos trouens deur sommige van die vroeër kerkvaders wel deeglik besef is. Volgens hom is geld produktief en daardeur het hy 'n suiwerder begrip van die woord „produktief" in ekonomiese sin getoon. Dit was volgens hom christeliker om geld op rente uit te leen as om 'n rentekoopooreenkoms te sluit. Die finansier het hy as nuttige lid van die gemeenskap beskou. So 'n standpunt was op daardie oomblik besonder geskik om ekonomiese kragte vry te stel.

Calvyn het deeglik besef dat sy uitspraak baie belangrik was en tot groot misbruik kon lei indien onbeperkte vryheid toegelaat sou word. Tereg wou Calvyn hom nie definitief oor die hoogte van die rentekoers uitspreek nie, aangesien dit van omstandighede afhang. Dit moes in elk

geval nie die offisieel vasgestelde rentevoet oorskry nie. Maar selfs hierdie rentevoet kon onder sommige omstandighede onregverdig wees. In die geval van behoeftige mense behoort die lening selfs gratis te wees. Ook die verlangde sekuriteit moes nie oormatig wees nie. In alle handelinge moes die billikheid nagestreef word, m.a.w. soos ons self graag behandel sou wil wees. Veral moes nie misbruik van die nood van die lener gemaak word nie. Die stryd sou dus voortaan meer gaan teen die onbillike rentekoers, en elke land het sy woekerwet om hierteen te waak.

Die renteleer bring ons noodwendig in kontak met die vroeër beskouïnge oor die handel, want krediet en handel is feitlik onafskeidbaar aan mekaar verbonde. Gevolglik was baie van die opvattinge oor rente ook van toepassing op handel; die renteverbod het altyd as uitgangspunt in die beoordeling van handel gedien. Geen persoon wat in die handel wou gaan kon verwag om nie met die renteverbod te bots nie.

Sommige kerkvaders het alle handel verbied maar Thomas Aquinas (1226—1274 n.Chr.) het gemeen dat handel onder sekere voorwaardes wel geoorloof was. Hy het Mattheus 7: 12 as uitgangspunt geneem: „Doen aan ander soos jy graag wil hê dat hulle aan jou moet doen." Volgens Aquinas is handel alleen toelaatbaar as die artikel na aankoop 'n mate van verwerking ondergaan het voordat dit teen 'n hoër prys verkoop is; ook wanneer dit vervoer moes word; want in sulke gevalle was die hoër prys 'n vergoeding vir die arbeid daaraan bestee. Ook die verkoop van goedere wat oorspronklik nie vir verkoop bedoel was nie teen 'n hoër prys as gevolg van veranderde omstandighede, is goedgekeur. Maar suiwer handel waar daar geen verandering van die artikel was nie, is afgekeur tensy dit tot blote onderhoud van gesin of leniging van die arme of tot algemene publieke welsyn was. Die arbeidsfaktor was dus beslissend vir die wettigheid van handel. Aangesien die verhandeling van onveranderde goedere kenmerkend van handel is, kom dit daarop neer dat die kerkvaders feitlik alle handel afgekeur het. Die opvatting was dat die motief van aanhoudende en onbeperkte toename van materiële rykdom 'n simptoom van hebsug is en dus 'n sonde. Daar moet slegs genoeg vir onderhoud volgens die gebruiklike lewensstandaard geproduseer of verdien word anders is dit hebsug. In teenstelling met landbou is handel as onproduktief beskou. Gevolglik is die handelaar meesal as 'n parasiet beskou, iemand wat altyd met bedrog en onregverdigheid geassosieer moes word.

Die probleem van 'n regverdige prys het vanselfsprekend dadelik ter sprake gekom. Die verskil van mening wat die waarde van 'n artikel behoort te wees het homself reeds onder die ou kerkvaders en skolastisi geopenbaar. Thomas Aquinas het gemeen dat die billike prys met die arbeid en onkoste van die produsent moes ooreenkom. Latere skolastisi

het ook op die nuttigheid van die artikel as prysbepalende faktor gewys. St. Antonino het aangetoon dat pryse volgens persoon, plek en tyd varieer en nie definitief vasgestel kan word nie. Hy het 'n sekere buigsaamheid in pryse bepleit, byvoorbeeld terugbetaling was nodig as vasgestelde prys met 50% oorskry is; ook in die geval waar oorskryding minder maar opsetlik was; minder ernstige en betwisbare oorskrydings kon vergewe word. Dit is besef dat die prysbepaling nie aan die publiek oorgelaat kon word nie want dan sou oormatige wins nie uitgeskakel kon word nie. By voorkeur moes pryse deur staatsamptenare vasgestel word nadat ondersoek na die beskikbare voorrade en behoeftes van die publiek ingestel is. Indien die prys van 'n artikel nie vasgestel is nie sou die gebruiklike prys (volgens communis estimatio) van toepassing wees. By afwesigheid van beide moes die individu self sy prys vasstel in agnemende hoeveel hy nodig sou hê om sy posisie te handhaaf, homself behoorlik te voed—dus 'n redelike beraming van sy arbeid en uitgawes te maak. Hoër pryse as gevolg van skaarste is wel goedgekeur maar nie kunsmatige skaarste nie.

Ook die Humaniste en Reformatore se oordeel oor die handel was betreklik ongunstig, terwyl die ambag en landbou verheerlik is. Luther het die leerstelling herhaal dat 'n persoon nie so duur soos hy wil mag verkoop nie, maar wel wat reg en redelik is. Wat verkoop word is iets wat vir jou naaste gedoen word, en dit moet binne sulke perke beoefen word dat dit nie skade aan jou naaste doen nie. Hy het die weeldehandel met die Ooste, internasionale finansiëring, spekulasie op beurse, monopolieë en ander kombinasies veroordeel as behorende tot die ryk van die duisternis. As lewensreël het hy die tekste voorgehou dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself, en ook dat ons aan ons naaste moet doen soos ons graag wil hê dat hulle aan ons moet doen. As hiervolgens gehandel word sal alles regkom sonder enige beperking op die vryheid van die mens.

In teenstelling met Luther het Calvyn die vernaamste kommersiële instellinge van sy tyd aanvaar en sy sosiale etiek daarop gebaseer. Nêrens was daar by hom 'n verheerliking van landbou ten koste van handel of ander beroepe nie. Hy het nie suspisieus teenoor handel en finansiëring gestaan nie, want hy het hulle noodsaaklik vir die ekonomiese lewe beskou; hulle is netso produktief soos landbou. Hy het die winste van handel en finansiëring op dieselfde voet as die verdienste van die arbeider, die landbouer en die verhuurder gestel, want ook die handelaar se winste ontstaan uit sy arbeid en vlytigheid en nie noodwendig as gevolg van uitbuiting van sy naaste nie. Calvyn het aangetoon dat die Bybeltekste (o.a. Hosea 12: :8, Genesis 47: 19—23, Jesaja 45: 15, Esegiël 7: 12, Sefanja 1: 11, Johannes 2: 16) wat ter veroordeling van handel

aangehaal is verkeerd verklaar is; die Bybel veroordeel handel as sodanig nie. Calvyn het die handelsberoep in ere herstel, en voortaan sou hierdie loopbaan vir die ernstige Christen nie meer gesluit wees nie waardeur terselfdertyd die etiese peil van hierdie beroep verhoog kon word.

Die vernaamste middeleeuse gedagte is seker die feit dat die gemeenskap nie slegs 'n ekonomiese masjien is nie maar dat die ekonomiese aktiwiteite slegs 'n klein onderdeel van die lewe vorm en beheer moet word met die oog op morele doeleindes waarvoor dit slegs die materiële middele verskaf. Die Kerk het egter mettertyd 'n asketiese houding teenoor die ekonomiese verskynsels ontwikkel en daardeur die ekonomiese aspek sy plek misgun. Calvyn se groot betekenis vir die Ekonomie lê juis hierin dat hy aangetoon het dat hierdie houding nie op Bybelse gronde geregverdig is nie. Die bevrediging van die materiële behoeftes is nie uit die bose nie maar 'n Goddelike eis, en die handel en finansiewese netsoos die ander beroepe is middele ter bevrediging van hierdie behoeftes en bevordering van die ekonomiese lewe. Dit is trouens elke individu se plig om met sy talente te woeker en die ekonomiese bloei so hoog as moontlik op te voer, sonder om in 'n materialistiese gesindheid te verval en Gods soewereiniteit te misken.

Calvyn se verdediging van die handel is 'n konsekwente uitvloeisel van sy opvatting oor die beroepslewe oor die algemeen. Hy het beweer dat daar geen hoër en laer Christelike orde in die beroepslewe is nie maar dat daar net een wet vir almal is, en dat die Christelike lewe nie buite die beroep maar juis daarbinne geopenbaar moet word. Gods soewereiniteit moet in ons beroepslewe erken word en elkeen is geroepe om die majesteit van die Here in sy werk, hoe gering dit ookal is, te verheerlik. Dit toon die verhewe doel van ons daaglikse taak.

Hieruit volg dat (alhoewel Calvyn met die ou opvatting gebreek het dat dit ongeoorloof is om meer rykdom te versamel as wat noodsaaklik vir individuele onderhoud is) hy nie vrye teuels aan die handel gegee het nie. Inteendeel, hy het baie duidelik getoon watter grooot verantwoordelikheid op elke ondernemer rus om met eerlikheid en vlytigheid sy inkomste te verdien, anders kan God nie daarin verheerlik word nie. Hieruit volg vanself 'n redelike konsiderasie vir sy naaste.

Die praktyk lewer ingewikkelde ekonomiese probleme op wat verder deur die sondige aard van die mens bemoeilik word. Maar 'n diepe besef van die verhewe doel van die beroep en 'n ernstige strewe om daardie doel te verwesenlik sal gewis 'n groot omwenteling en verbetering in die huidige ekonomiese orde bring. Dan sal dit elkeen se begeerte wees om die hoogste prestasie te lewer, nie vir eie belang nie, maar om sy Skepper beter te kan dien.

D. J. VILJOEN.